


Die “Woord” van God!

Joh 14:21 Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.



Kersfees – Jesus se geboorte dag

- Luk 1:30 En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind.
- Luk 1:31 En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.
- Luk 1:32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,
- Luk 1:33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.



Nog n getuienis van Johannes die Doper – Joh 3:22-36



- Joh 3:22 Hierna het Jesus en sy dissipels na die land van Judéa gegaan, en Hy het daar met hulle vertoef en gedoop.
- Joh 3:23 En Johannes was ook besig om te doop in Enon naby Salim, omdat daar baie water was. En die mense het daar gekom en is gedoop.
- Joh 3:24 Want Johannes was nog nie in die gevangenis gewerp nie.
- Joh 3:25 Daar het toe van die kant van die dissipels van Johannes 'n redenasie met die Jode ontstaan oor die reiniging.
- Joh 3:26 En hulle het na Johannes gekom en vir hom gesê: Rabbi, Hy wat saam met u oorkant die Jordaan was, van wie u getuig het, kyk, Hy doop, en almal gaan na Hom toe.
- Joh 3:27 Johannes antwoord en sê: 'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie.
- Joh 3:28 Julle is self my getuies dat ek gesê het: Ek is nie die Christus nie; maar dat ek voor Hom uitgestuur is.
- Joh 3:29 Hy wat die bruid het, is die bruidegom; maar die vriend van die bruidegom wat na hom staan en luister, verbly hom baie oor die stem van die bruidegom. So is dan hierdie blydschap van my volkome.

Nog n getuienis van Johannes die Doper – Joh 3:22-36



- Joh 3:30 Hy moet meer word, maar ek minder.
- Joh 3:31 Hy wat van bo kom, is bo almal; hy wat uit die aarde is, is uit die aarde en praat uit die aarde. Hy wat uit die hemel kom, is bo almal.
- Joh 3:32 En wat Hy gesien en gehoor het, dit getuig Hy; en niemand neem sy getuienis aan nie.
- Joh 3:33 Wie sy getuienis aangeneem het, het sy seël daarop gesit dat God waaragtig is.
- Joh 3:34 Want Hy wat God gestuur het, spreek die woorde van God; want God gee Hom die Gees nie met mate nie.
- Joh 3:35 Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee.
- Joh 3:36 Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.

Kersfees – Jesus se geboorte dag



- Hoekom vuur ons verjaarsdae?
- # Jou geboorte dag
- Wat kry ons op verjaarsdae?
- # Geskenke
- Geskenk – iets wat aan ander gegee is.
- Hoekom hou ons van geskenke?
- # Want ons heg waarde aan wat ons gekry het.
- Watter twee persone is betrokke by n verjaardag?
- 1. Gewer/Ontvanger
- Ontvanger – Die persoon wat verjaar
- Wat kry die ontvanger? – Geskenke!
- Ons is die ontvanger – Geskenk (Jesus)- God wil ons dankbaarheid sien.

Kersfees – Jesus se geboorte dag



- Gewer:
- #Persoon wat vir jou die geskenk gee.
- #Weet wat die ontvanger nodig het.
- #Hy is lief vir jou.
- # Hy gee om vir jou.
- Gewer wil sien dat jy dankbaar is vir dit wat hy vir jou gee.
- God – Gewer
- Die geskenk wat on by God (Gewer) gekry het is Jesus.
- Het ons al waarde gevoeg by die geskenk wat God vir ons gegee het
- **Hoekom moet ons waarde voeg in Jesus:**
- Want Hy is ons Verlosser, Emmaneual “God met ons”, Herder, Lig, Leermeester, Geneesheer, Uitroeper, Voorsiener, Lewendmaker en as ons in Hom glo kan daar baie wonderwerke gebeur en ons kan Sy glorie ervaar.

Nagmaal

Die nagmaal is deur Jesus self ingestel!



Mat 26:26 En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam.

Mat 26:27 Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit.

Mat 26:28 Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.

